# Geestesgesondheid van studente: plan



Implementeringsdatum: 1/21/2022

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# Geestesgesondheid van studente: plan

| | |
|---|---|
| **Dokument Tipe:** | Beleid |
| **Goedkeuring:** | Rektoraat |
| **Goedkeuringsdatum:** | 11/10/2021 |
| **Implementeringsdatum:** | 1/21/2022 |
| **Hersieningsdatum / Hersieningsfrekwensie:** | Elke vyf jaar of soos nodig |
| **Vorige weergawes:** | None |
| **Eienaar[1]:** | Viserektor: Leer en Onderrig |
| **Kurator[2]:** | Senior Direkteur: Studente Sake |
| **Sleutelwoorde:** | Mental Health |
| **Geldigheid:** | In geval van verskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie reglement as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling. |

[1] Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum(s) waarin die reglement funksioneer.
[2] Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die inbedryfstelling en handhawing van die beleid.

**Sleutelterme / Key terms**

| Afrikaans | Engels |
|---|---|
| geestesgesondheid | mental health |
| welwees | wellness |
| vertroulikheid | confidentiality |
| geestesgesondheidsbewustheid | mental health awareness |
| geestesgesondheidsbevordering | mental health promotion |

**Afkortingslys**

| | |
|---|---|
| CREW | Betrekking van Gemeenskapsrespons vir Welwees |
| EAVO | Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling |
| EG | Eenheid vir Gestremdhede |
| EGLD | Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste |
| EPO | Eenheid vir Psigoterapeutiese en Ondersteuningsdienste |
| EvG | Eenheid vir Gelykwaardigheid |
| FVZSI | Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling |
| GBRSA | Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika |
| KGD | Kampusgesondheidsdiens |
| MIV | Menslike Immuniteitsgebreksvirus |
| POPIA | Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Eng. akroniem) |
| Kampussekuriteit | Risikobestuur en Kampussekuriteit |
| SARMDB | Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe |
| SARV | Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging |
| SR | Studenteraad |
| SSG | Sentrum vir Studentegemeenskappe |
| SSVO | Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling |
| US | Universiteit Stellenbosch |
| VR: L&O | Viserektor: Leer en Onderrig |

**Inhoudsopgawe** **Bladsy**


**1. INLEIDING** **5**

**2. GEESTESGESONDHEID VAN STUDENTE: 'N INSTITUSIONELE PRIORITITEITSAAK** **5**

**3. TOEPASSINGSVELD VAN DIE PLAN** **5**

**4. KONSEPTUELE RAAMWERK** **6**

**5. OOGMERKE VAN DIE PLAN** **7**

**6. WOORDOMSKRYWINGS** **8**

6.1 Geestesiekte en geestesongesteldhede 8
6.2 Geestesgesondheid en welwees 8
6.3 Geestesgesondheidsuitdagings 9
6.4 Geregistreerde geestesgesondheidspraktisyn 9
6.5 Geregistreerde professionele gesondheidspraktisyn 9
6.6 Inwonende Hoof 9
6.7 Redelike akkommodering 10

**7. GRONDSLAE VAN DIE PLAN** **10**

7.1 Bevordering van geestesgesondheid en voorkoming van Geestesgesondheidsuitdagings 10
7.2 Universele toegang tot geestesgesondheids- en maatskaplike dienste 10
7.3 Bemagtiging 11
7.4 Vertroulikheid 11
7.5 Openbaarmaking 11
7.6 Bevegting van stigmatisering en diskriminasie 12
7.7 Deursigtigheid 12

**8. BEPALINGS VAN DIE PLAN** **12**

8.1 Sleutelsteunstrukture aan die US 12
8.2 Voorkoming 13
8.3 Behandeling 14
8.4 Monitering en evaluering 15
8.5 Afwesigheidsverlof 16
8.6 Dissipline 16

**9. FUNKSIES EN VERANTWOORDELIKHEDE** **16**

9.1 Funksies en verantwoordelikhede 16
9.2 Deurvoering 17
9.3 Monitering en verslagdoening 17
9.4 Beskikbaarstelling 17
9.5 Hersiening 17

**10. ONDERSTEUNENDE DOKUMENTE 17**

**11. VERBANDHOUDENDE DOKUMENTE 18**

**BYLAE A:** STEUNSTRUKTURE AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH **20**

**BYLAE B:** BILLIKE AKKOMMODERING **24**

**BYLAE C:** VERWYSINGSPROSEDURES **26**

**BYLAE D:** AFWESIGHEIDSVERLOF EN DISSIPLINÊRE OPTREDE **28**

**BYLAE E:** REËLS VIR TYDELIKE SKORSING VAN ’N STUDENT WAT GEVAAR LOOP OM HULLESELF OF ANDER TE BESEER **30**

## 1. INLEIDING

Daar is wêreldwyd groter wordende bewustheid van die las wat geestesgesondheidsuitdagings op die samelewing lê. Persone met geestesgesondheidsuitdagings loop voortdurend gevaar om diskriminasie, stigmatisering en sosiale uitsluiting teë te kom. Die Universiteit Stellenbosch (US) moet met oplossings vorendag kom om te voorsien in die behoefte aan bevordering van geestesgesondheid en voorkoming van geestesgesondheidsuitdagings, groter bewustheid van geestesgesondheid, geestesgesondheidsorg, krisisprotokolle en gestandaardiseerde redelike akademiese akkommodering vir studente.

## 2. GEESTESGESONDHEID VAN STUDENTE: ’N INSTITUSIONELE PRIORITITEITSAAK

2.1 Hierdie Plan gee erkenning daaraan dat gesondheid ’n staat van fisieke, geestelike en sosiale welstand omvat. Die US bevestig met trots dat studente se geestesgesondheid en welwees vir ons belangrik is.

2.2 Die US is daartoe verbind om die verskaffing van professionele, gekoördineerde, verantwoordbare, billike en toeganklike geestesgesondheidsdienste aan studente te ondersteun, asook die voorkoming van geestesgesondheidsuitdagings en die bevordering van geestesgesondheid en welwees.

2.3 Die US bevestig dat die Universiteit verweef is in ’n sosiokultureel-politiese samehang wat dieselfde uitdagings stel as dié waarmee die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap te kampe het.

2.4 Die US erken dat geestesgesondheid ’n gedeelde verantwoordelikheid is, en is daartoe verbind om saam met die Departement Gesondheid, geestesgesondheidskundiges in privaat praktyk, geestesgesondheidspraktisyns aan die US, ingeskrewe US-studente, US-studenteorganisasies en US-personeel te werk en hulle advies in ag te neem ten einde geestesgesondheid te bevorder.

2.5 Die US se *Visie 2040* noem deernis en verantwoordbaarheid as twee van die instelling se waardes. Dit beteken dat die US waarde aan die welstand van alle studente heg en daarna wil omsien.

## 3. TOEPASSINGSVELD VAN DIE PLAN

3.1 Die Plan dek alle dienste en aanbiedings wat die bevordering van geestesgesondheid en welwees en die voorkoming van geestesgesondheidsuitdagings aan die US as oogmerk

het.

3.2 Die Plan is van toepassing op alle studente wat onder die Universiteit se jurisdiksie ressorteer, asook alle Universiteitsverwante aktiwiteite.

## 4. KONSEPTUELE RAAMWERK

4.1 Die US het ’n proaktiewe en sistemiese raamwerk daargestel om te verseker dat geestesgesondheidsuitdagings voorkom word en dat geestesgesondheid en welwees bevorder word.

4.1.1 Om te kan begryp hoe hierdie raamwerk funksioneer, moet hierdie Plan saamgelees word met die US se Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering asook ander sleutelbeleide en -planne oor welstand. Hierdie beleide en planne is daarop ingestel om kwessies soos geslagsongelykheid, geslagsgebaseerde geweld en ander vorme van diskriminasie en teistering te hanteer.

4.1.2 Die US hoop om geestesgesondheid te bevorder deur hierdie beleide en planne in te voer wat ’n veilige en ondersteunende kultuur van inklusiwiteit, transformasie, vernuwende denke en diversiteit sal bou.

4.1.3 Die **proaktiewe komponent** van die raamwerk waarbinne hierdie Plan deurgevoer word, is daarop gefokus om geestesgesondheidsuitdagings te voorkom en proaktiewe skakeling tussen die US Bestuur en die studentegemeenskap oor kwessies rakende gesondheid en welwees te bemiddel.

4.1.4 Die **sistemiese komponent** van die raamwerk is daarop gefokus om die sosiale, kulturele en kontekstuele omstandighede te kweek wat geestesgesondheid en welwees aan die US sal bevorder en bemoontlik.

4.2 Die US se waardes – deernis, uitnemendheid, verantwoordbaarheid, gelykwaardigheid en respek – stuur ons praktyke, beleide en institusionele kultuur, waarvan hierdie Plan deel uitmaak.

4.3 Die US verbind sigself volledig daartoe om al die fundamentele regte en vryhede waaroor elke persoon op kampus ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996 beskik, te bevorder. Hierdie Plan word gerig deur tersaaklike wetgewing en regulatoriese liggame soos die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000, die Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998, die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993, die Wet op Geestesgesondheidsorg 17 of 2002, die Wet op Nasionale Gesondheid 61 van 2003,

die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000, die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (Eng. *POPIA*), die Wêreldgesondheidsorganisasie se aksieplan vir geestesgesondheid 2013–2020, die Verenigde Nasies se konvensie oor die regte van persone met gestremdhede (soos gewysig) en die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA).

## 5. OOGMERKE VAN DIE PLAN

Hierdie Plan het die volgende oogmerke:

5.1 Skep 'n bemagtigende, transformerende studente-ervaring vir almal op US-kampusse deur geestesgesondheid en welwees voorop te stel en te bevorder. Die Universiteit en Universiteitstrukture moet alle ingeskrewe studente insluit en ondersteun.

5.2 Onderhou en bevorder voldoening aan die nasionale en internasionale riglyne vir beste praktyk rakende die geestesgesondheid en welwees van ingeskrewe studente sover daardie riglyne uitvoerbaar, eties, volhoubaar en toepasbaar is.

5.3 Stel die US in staat om die instelling se opvoedkundige, wetlike en etiese verantwoordelikheid teenoor ingeskrewe studente met diverse geestesgesondheidsbehoeftes na te kom.

5.4 Skep 'n etos waardeur die vertroulikheid en waardigheid van die US-gemeenskap gerespekteer word en waardeur die reg op vertroulikheid omskryf word binne vasgestelde riglyne en aan die hand van toepaslike wetgewing.

5.5 Bevorder positiewe geestesgesondheid en welwees deur gepaste inligting en advies te verskaf en sodoende ingeligte en opbouende ingesteldhede teenoor geestesgesondheidskwessies te bevorder.

5.6 Lig die US-gemeenskap in oor hulpbronne, regulasies en prosedures waarvolgens studente se geestesgesondheid en welwees hanteer kan word.

5.7 Sit die doelstellings, protokolle en funksies uiteen vir gepaste prosedures en redelike akkommodering in verskillende situasies rakende studente se geestesgesondheid en welwees.

5.8 Verseker kommunikasie, samewerking en konsekwentheid onder die tersaaklike US-belanghebbendes, byvoorbeeld die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) en die Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG), oor sake rakende die bestuur van

studente se geestesgesondheid en welwees en die verskaffing van ondersteuning en vervoer.

## 6. WOORDOMSKRYWINGS

Die terme wat volg, dra vir doeleindes van hierdie Plan die betekenis soos hier onder omskryf.[2]

### 6.1 **Geestesiekte** en **geestesongesteldhede**

6.1.1 Die model vir geestesongesteldhede onderskryf 'n diagnoseringgerigte raamwerk waarvolgens "geestelik ongesteld" beteken dat 'n sielkundige ongesteldheid teenwoordig is. Volgens hierdie model sou "geestesgesond" die afwesigheid van sielkundige ongesteldheid beteken.

6.1.2 Die model bepaal dat, om 'n geestesiekte te hê, beteken om 'n geestesongesteldheid te hê wat uitgeken kan word aan die somtotaal van ooreengekome tekens en simptome wat ingevolge 'n erkende psigiatriese klassifikasiestelsel omskryf is.

6.1.3 Geestesversteurings sluit die volgende in sonder om daartoe beperk te wees: neuro-ontwikkeling-versteurings, psigotiese steurings, bipolêrespektrumsteurings, depressiewe steurings, angstigheidsteurings, trauma- en stresfaktorverwante versteurings, en middelverwante en verslawingsversteurings.

### 6.2 **Geestesgesondheid** en **welwees**

6.2.1 Ons het in die afgelope dekades wegbeweeg vanaf 'n model wat op afwesigheid van siekte begrond is na 'n model wat op welwees fokus. Dit is ook die terminologie wat by voorkeur in hierdie Plan gebruik word. Geestesgesondheid is nie die blote afwesigheid van 'n geestesongesteldheid nie.

6.2.2 Geestesgesondheid hou verband met 'n persoon se subjektief beleefde staat van welstand waarin individue hulle doelwitte kan verwesenlik, die normale en verwagte stresfaktore in die lewe kan hanteer, met vrug kan leef, werk en studeer,

---

[2] Omskrywings aangepas en vertaal uit: Wêreldgesondheidsorganisasie. 2013. *Mental Health Action Plan 2013-2020.* WHO Library Cataloguing-in-Publication Data. https://doi.org/ISBN 978 92 4 150602 1

en betekenisvolle bydraes tot hulle gemeenskappe en die US kan lewer.

6.2.3 Gesondheid en welwees op die hoogste vlak kan bereik word as geestesgesondheid en -herstel bevorder word, geestesversteurings voorkom word, en stigmatisering en diskriminasie bekamp word.

## 6.3 Geestesgesondheidsuitdagings

6.3.1 Daar kan gesê word dat persone geestesgesondheidsuitdagings het wanneer hulle nie meer stresfaktore redelikerwys kan hanteer sonder dat dit hulle welstand beduidend aantas nie.

6.3.2 Persoonlike, omgewings-, gesins-, sosiale en kulturele faktore mag tot US-studente se ervaring van aangetasde geestesgesondheid en welwees bydra. Faktore van hierdie aard kan ook die vorm aanneem van uitsluiting, stigmatisering en versperrings wat deur ’n diagnose meegebring kan word en wat wisselende vlakke van psigososiale gestremdheid kan veroorsaak.

## 6.4 Geregistreerde geestesgesondheidspraktisyn

Geregistreerde geestesgesondheidspraktisyns is sielkundiges, psigiaters, sielkundige beraders, kliniese sielkundiges en geestesgesondheidsverpleegkundiges wat by óf die GBRSA óf die SARV (Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging) óf die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (SARMDB) ingeskryf is.

## 6.5 Geregistreerde professionele gesondheidspraktisyn

Hierdie term sluit die volgende persone in:

6.5.1 professionele geestesgesondheids- en gesondheidspraktisyns wat ingevolge die Wet op Gesondheidsberoepe 56 van 1974 by die GBRSA ingeskryf is;

6.5.2 praktisyns wat by die Suid-Afrikaanse Raad vir Tradisionele Gesondheidspraktisyns ingeskryf is; en

6.5.3 praktisyns wat by die SARV ingeskryf is.

## 6.6 Inwonende hoof

’n Persoon wat aangestel is om as hoof van ’n koshuis te funksioneer en verantwoordelikheid te neem vir die toesig oor en ontwikkeling van studente wat in ’n sekere koshuis uitgeplaas is. Die persoon woon gewoonlik naby of op die perseel

van die betrokke koshuis.

### 6.7 Redelike akkommodering

6.7.1 Die Verenigde Nasies se konvensie oor die regte van persone met gestremdhede omskryf “redelike akkommodering” as “die maniere wat nodig is en die veranderings en aanpassings wat gepas is en nie ’n disproporsionele of onbillike las oplê wat dit in ’n bepaalde geval sou verg om te sorg dat persone met gestremdhede en geestesgesondheidsuitdagings alle menseregte en fundamentele vryhede op gelyke vlak met ander mense kan geniet of uitoefen nie”.[3]

6.7.2 ’n Benadering van redelike akkommodering beoog geensins om studente onbillik te bevoordeel of van akademiese pligte te verskoon nie, en die toepassing daarvan bring nie mee dat akademiese standaarde verlaag word nie. Redelike akkommodering is eerder ’n benadering van gelykwaardigheid waarmee verseker word dat alle studente aan die akademiese vereistes kan voldoen sonder dat hulle onbillike, onbeweeglike versperrings – hetsy geestelik, finansieel of fisiek van aard – hoef te oorkom. Die oogmerk is dus om gelyke geleenthede by wyse van billike maatreëls bewerkstellig.

## 7. GRONDSLAE VAN DIE PLAN

### 7.1 Die bevordering van geestesgesondheid en die voorkoming van geestesgesondheidsuitdagings

Die bevordering van geestesgesondheid verwys na enige handeling wat ten doel het om geestesgesondheid en welwees onder die studentegemeenskap ten beste te bevorder en om hoër waarde aan geestesgesondheid te heg – aan die US sowel as in die breë gemeenskap. Dit sluit in om geestesversteurings te voorkom en stigmatisering, diskriminasie en skending van regte op grond van geestesgesondheid te bekamp. Die bevordering van geestesgesondheid en die voorkoming van geestesgesondheidsuitdagings kan nie plaasvind sonder om sekere kwesbare groepe in ag te neem nie. Kwesbare groepe is persone wat weens genetiese, sosiale of omgewingsfaktore groter gevaar loop om geestesversteurings te ontwikkel.

### 7.2 Universele toegang tot geestesgesondheids- en maatskaplike dienste

7.2.1 Niemand mag uitgesluit word van toegang tot enige geestesgesondheids- of

---

[3] Aangepas en vertaal uit: Verenigde Nasies. 2006. Convention on the rights of persons with disabilities and optional protocol. In *Treaty Series*.

maatskaplike diens wat die US lewer nie.

7.2.2 Daar mag teen geen persoon en op geen manier gediskrimineer word wanneer hulle hierdie dienste benut nie.

### 7.3 Bemagtiging

Persone met geestesgesondheidsuitdagings moet bemagtig word deur hulle by alle beplannings-, wetgewende en moniteringsprosesse rakende geestesgesondheid te betrek.

### 7.4 Vertroulikheid

7.4.1 Alle professionele gesondheidspraktisyns wat met studente werk, moet aan die vertroulikheidsvereistes voldoen wat deur die GBRSA, SARV en SARMDB gestel is.

7.4.2 Toestemming moet bekom word voordat inligting oor die geestesgesondheid van enige student aan ’n derde party bekendgemaak word. Die enkele uitsonderings is wanneer ’n student gevaar vir hulleself of ander inhou volgens die oordeel van ’n mediese, sielkundige of tradisionele gesondheidspraktisyn, soos deur wetgewing bepaal. Die behandelende gesondheidspraktisyn mag nie bevestig óf ontken dat ’n pasiënt behandeling ontvang (het) of nie ontvang (het) nie, en mag geen besonderhede oor ’n pasiënt se diagnose, prognose en/of behandeling bekendmaak nie.

7.4.3 Ingevolge POPIA word alle data wat met ’n persoon se geestesgesondheid verband hou, as sensitiewe persoonlike inligting beskou. Rekordhouding (in hardekopie- óf elektroniese berging) moet veilig bewaar word, met toegangsbeheer ooreenkomstig GBRSA-regulasies. Wanneer derde partye (bv. administreerders) lêers hanteer en toegang tot inligting het, moet sodanige partye ’n vertroulikheidsooreenkoms onderteken.

### 7.5 Bekendmaking

Studente het die reg om nié hulle geestesgesondheidsuitdagings bekend te maak nie. Nietemin moedig die US studente aan om sodanige uitdagings vroeg al by die gepaste Universiteitsteunstruktuur aan te meld sodat hulle die bystand en ondersteuning wat hulle benodig, betyds kan ontvang. Dit is besonder belangrik indien ’n student se geestesgesondheidsuitdagings ’n nadelige uitwerking op hulle akademiese werk het. Die beginsel van vertroulikheid moet gehandhaaf word in alle gevalle waarin ’n

geestesgesondheidsuitdaging bekendgemaak is, tensy dit regstreekse gevaar vir die persoon self of ander inhou.

## 7.6 Bekamping van stigmatisering en diskriminasie

Niemand behoort diskriminasie te ervaar weens die bekendmaking van geestesgesondheidsuitdagings nie. Diskriminasie teen persone wat geestesgesondheidsuitdagings beleef, kan beveg word eers wanneer die stigma oor kwessies rakende geestesiekte en geestesongesteldheid afgetakel word.

## 7.7 Deursigtigheid

7.7.1 Hoewel vertroulikheid van die uiterste belang is, moet oop kommunikasie en verantwoordbaarheid gehandhaaf word in alle aangeleenthede wat met geestesgesondheidsbestuur aan die US verband hou.

7.7.2 Studente moet ingelig word van enige besluite oor die prosesse, prosedures en regulasies aan die US wat met geestesgesondheid verband hou en wat hulle mag raak.

# 8. BEPALINGS VAN DIE PLAN

## 8.1 Sleutel-steunstrukture aan die US

Die onderstaande entiteite is die sleutel-steunstrukture aan die US wat ingestel is om geestesgesondheid proaktief te bevorder, geestesgesondheidsuitdagings te voorkom, geestesgesondheidskrisissituasies te hanteer, geestesgesondheidsbewustheid te skep, en stigmatisering en diskriminasie wat met geestesgesondheid verband hou te bekamp. Hierdie verantwoordelikheid berus by bogenoemde steunstrukture, US-personeel en -studente, en die breër US- en Suid-Afrikaanse gemeenskap gesamentlik.

8.1.1 Die **SSVO** is die primêre geestesgesondheidsorg-entiteit op kampus vir ingeskrewe studente, en alle kampusverwante gesondheidsorgdienste en -behandelings vir ingeskrewe studente moet via hierdie sentrum gereguleer word. Die SSVO omvat verskeie eenhede wat verskillende soorte steun verskaf, onder meer: die **Eenheid vir Gestremdhede (EG)**, die **Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling (EAVO)**, die **Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste (EGLD)** en die **Eenheid vir Psigoterapeutiese en Ondersteunigsdienste (EPO)**.

8.1.2 Die SSVO en die ondersteunende eenhede moet met personeel en ingeskrewe studente, geestesgesondheidspraktisyns wat aan fakulteite verbonde is, professionele geestesgesondheidspraktisyns en hospitale in die privaat sektor, die **Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG)**, die **Studenteraad (SR)**, **Kampusgesondheidsdiens (KGD)** en **Risikobestuur en Kampussekuriteit (Kampussekuriteit)** saamwerk en hulle bystaan.

8.1.3 Die **EvG** voer die US se Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering en dié oor MIV/vigs deur, en is daartoe verbind om sosiale ongeregtigheid te beveg.

## 8.2 Voorkoming

Die onderstaande maatreëls is ingestel om te verseker dat geestesgesondheid en welwees bevorder word en dat geestesgesondheidsuitdagings voorkom word.

8.2.1 Studente is daarvoor verantwoordelik om by te dra tot ’n veilige en niebedreigende Universiteitsomgewing waar geestesgesondheid bevorder word. Hulle moet daartoe bydra om ’n niestigmatiserende, niediskriminerende gemeenskap te bou, onder meer deur medestudente se waardigheid te respekteer.

8.2.2 Enige poging om geestesgesondheid te bevorder en geestesgesondheidsuitdagings te voorkom, moet pogings insluit om selfdood te voorkom.

8.2.3 Sleutelstrukture aan die US (bv. departemente, eenhede en fakulteite) moet hulle daarvoor beywer om ’n akademiese kultuur te vestig wat deernis en geestesgesondheid bevorder.

8.2.4 Lynbestuurders, studente en personeel moet studente wat met geestesgesondheidsuitdagings worstel, van die gepaste steunstrukture se kontakbesonderhede kan voorsien.

8.2.5 Studente moet oor die US se Plan vir die Geestesgesondheid van Studente ingelig wees.

8.2.6 Studente moet kennis dra van die hulpbronne vir behandeling, versorging en redelike akkommodering wat beskikbaar is vir studente wat met geestesgesondheidsuitdagings te kampe het.

8.2.7 Studente word aangemoedig om hulle geestesgesondheidsuitdagings bekend te maak. Diegene wat dit doen, moet hanteer word op ’n manier wat **niediskriminerend en niestigmatiserend** is.

a. Die inligting wat studente in hierdie verband verskaf, word ingevolge die grondslae van hierdie Plan as vertroulik beskou.

b. Studente kan hulleself vrywillig na die SSVO verwys.

8.2.8 Die US moet redelike akkommodering en akademiese ondersteuning verskaf aan stuende wat geestesgesondheidsuitdagings ervaar.

a. Fakulteite, departemente en lynbestuurders is daarvoor verantwoordelik dat hulle omgewings voldoen aan die akkommodering soos in Bylae B uiteengesit.

b. Die inligting wat studente in hierdie verband verskaf, word ingevolge die grondslae van hierdie Plan as vertroulik beskou.

8.2.9 Die US-gemeenskap is daarvoor verantwoordelik om **bewusmakingsprogramme en -veldtogte oor geestesgesondheid** te bevorder. Die onderstaande maatreëls is ingestel om bewustheid van geestesgesondheid te bevorder:

a. Die SSVO is, in samewerking met die **SSG**, die **SR** en die **Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling (FVZSI)**, verantwoordelik vir voortgesette ontwikkeling, fasilitering, organisering en monitering van bewusmakingsprogramme oor geestegesondheid (bv. werksessies wat hanteringstrategieë en selfsorg bevorder).

b. Die programme soos in 8.2.9.a bedoel moet daarop gerig wees om stigmatisering en diskriminasie rakende geestesgesondheidskwessies te bekamp.

c. Die programme soos in 8.2.9.a bedoel moet bewustheid skep oor die bestaande steunstrukture aan die US, en moet die kontakbesonderhede sowel as noodlynnommers vir sodanige strukture verskaf.

## 8.3 Behandeling

Die US is daarop ingestel om ’n kampuskultuur te kweek wat daarna streef om geestesgesondheid te bevorder en geestesongesteldheid te voorkom. Daarby moet die US toepaslike steun verskaf aan ingeskrewe studente wat met geestesgesondheidsuitdagings te kampe het of wanneer daar ’n geestesgesondheidsnoodgeval is.

8.3.1 Studente moet toegang hê tot inligting oor hoe om ondersteuning met

geestesgesondheid en welwees te bekom, en hoe om hulleself sowel as ander vir hierdie dienste te verwys. Personeel moet toegang hê tot inligting oor hoe om studente vir geestesgesondheids- en welweessteun te verwys. Die US het **prosedures**, **riglyne** en **steunstrukture** ingestel om in studente se geestesgesondheidsbehoeftes te voorsien.

8.3.2 Wanneer 'n situasie nie 'n noodgeval is nie, is daar verskeie steunstrukture waarheen US-studente met geestesgesondheidsuitdagings verwys kan word. Omstandighede wat ondersteuning met geestesgesondheid of selfverwysing na steunstrukture verg, sluit onder meer die volgende in:

a. beduidende aantasting van die vermoë om akademies, sosiaal, persoonlik of op enige ander manier te funksioneer; en

b. persone wat deur 'n geregistreerde geestesgesondheidspraktisyn aan die hand van 'n erkende klassifikasiestelsel gediagnoseer is.

8.3.3 Die US het prosedures en reëls vir krisisbestuur ingestel wat uitgestip word in die prosedures vir **Tydelike Skorsing van 'n Student wat Gevaar Loop om Hulleself of Ander te Beseer**. Dit handel oor studente op kampus wat 'n traumatiese voorval beleef het, gevaar van selfdood of selfbesering loop, of psigose ervaar.

## 8.4 Monitering en evaluering

Die US is verbind tot 'n Raamwerk vir Gehalteversekering, -monitering en -evaluering soos deur die GBRSA opgestel en aan die Universiteit toegepas. Verder stel die SSVO jaarliks 'n evalueringsverslag oor hulle dienste saam, en het die Sentrum die opdrag om gehalte, toeganklikheid en professionaliteit te moniteer met besondere aandag aan die spektrum van diagnosering, die demografie van studentekliënte en die bereiking van onderbediende groepe.

8.4.1 Studente moet geleenthede gegun word om anoniem terugvoering aan die SSVO te lewer sodat die Sentrum gehalte, toegang en professionaliteit kan moniteer.

8.4.2 Die SSVO is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat behandeling op beste praktyk en die jongste navorsing begrond is.

8.4.3 Die wagtyd vir toegang tot hulp moet beperk word sover dit enigsins prakties haalbaar is.

8.4.4 Studente wat diskriminasie ervaar wat met 'n geestesgesondheidskwessie verband hou, moet aangemoedig word om die geval by die EvG aan te meld.

### 8.5 Afwesigheidsverlof

Die US se reëls oor afwesigheidsverlof bepaal dat geestesgesondheidsdiagnoses aanvaarbare begronding is, net soos ander mediese diagnoses. Die Plan volg die reëls oor afwesigheidsverlof, veral reëls rakende afwesigheidsverlof vir geestesgesondheidskwessies. (Verwys asseblief na Bylae D vir die prosedures rakende afwesigheidsverlof.)

### 8.6 Dissipline

Geestesgesondheidsuitdagings verskoon studente nie van die plig om aan die US se regulasies oor gedrag en dissipline – dit is, die Dissiplinêre Kode vir Studente – te voldoen nie. (Verwys asseblief na Bylae D vir Dissiplinêre Prosedures.) Sielkundige ondersteuning kan nietemin voor die aanvang van die dissiplinêre proses verskaf word, en persone moet met sensitiwiteit en die gepaste ondersteuning hanteer word.

## 9. FUNKSIES EN VERANTWOORDELIKHEDE

### 9.1 Funksies en verantwoordelikhede *(Let asb. op: Hierdie afdeling is geformuleer asof die Plan alreeds aanvaar is.)*

9.1.1 Die Rektoraat het die Plan goedgekeur. Die Rektor is verantwoordelik vir toesighouding oor die uitvoering van die Plan en het die bestuur daarvan na 'n lid van die Rektoraat gedelegeer, naamlik die Viserektor: Leer en Onderrig (VR: L&T).

9.1.2 Die VR: L&O is die eienaar van hierdie Plan en daarvoor verantwoordelik dat die Plan opgestel, bygewerk en deurgevoer word, en dat 'n kurator en verbandhoudende funksionarisse aangewys word en doeltreffend funksioneer.

9.1.3 Die Senior Direkteur: Studentesake in die Afdeling Studentesake is die kurator van die Plan en vir die formulering, goedkeuring, hersiening, kommunikasie, beskikbaarstelling en deurvoering daarvan verantwoordelik. Die kurator het ook die finale seggenskap, onderhewig aan dié van die Rektor of die Rektor se afgevaardigde(s), in sake rakende die Plan.

9.1.4 Die EPO, wat deel van die SSVO uitmaak, dien as die eenheid wat die geestesgesondheidsuitdagings van ingeskrewe studente regstreeks hanteer. Die Hoof: EPO het bestuursverantwoordelikheid en hou toesig oor alle werksaamhede

van die Eenheid. Die tersaaklike prosedures word in die protokol (Bylae C) uiteengesit.

### 9.2 Deurvoering

Die deurvoering van hierdie Plan is die verantwoordelikheid van die kurator, wat moet toesien dat dit op die implementerings- of hersieningsdatum in werking tree. Die bepalings van hierdie Plan raak van krag sodra die US Rektoraat dit goedgekeur het, en dit moet in elke lynbestuurder se werksooreenkoms ingewerk word.

### 9.3 Monitering en verslagdoening

Die eienaar is vir verslagdoening oor die Plan verantwoordbaar, en die verantwoordelikheid van verslagdoening berus by die kurator. Statistiese terugvoering oor geestesgesondheidsuitdagings en voorkomende maatreëls wat getref is, moet een keer per semester voorgelê word aan die eienaar van die Plan – die VR: L&O.

### 9.4 Beskikbaarstelling

Hierdie Plan is, in die ontwikkelingsfase daarvan, vir oorlegpleging aan ’n taakspan, die breër US-gemeenskap en geestesgesondheidskundiges beskikbaar gestel. Dit sal vir openbare insae beskikbaar gestel word. Wat die bekendmaking van enige spesiale persoonlike inligting (bv. gesondheidsinligting wat in die gebruik en verspreiding van hierdie program ingesamel mag word) betref, sal die standaarde gehandhaaf word soos in POPIA neergelê.

### 9.5 Hersiening

Die Plan moet al om die vyf jaar hersien word – of vroeër, sou omstandighede dit vereis of sou dit nodig geag word.

## 10. ONDERSTEUNENDE DOKUMENTE

**BYLAE A:** UNIVERSITEIT STELLENBOSCH STEUNSTRUKTURE

**BYLAE B:** REDELIKE AKKOMMODERING

**BYLAE C:** VERWYSINGSPROSEDURES

**BYLAE D:** AFWESIGHEIDSVERLOF EN DISSIPLINÊRE OPTREDE

**BYLAE E:** REËLS VIR DIE TYDELIKE SKORSING VAN ’N STUDENT WAT GEVAAR LOOP OM HULLESELF OF ANDER TE BESEER

## 11. VERBANDHOUDENDE DOKUMENTE

Republiek van Suid-Afrika. 1974. *Wet op Gesondheidsberoepe 56 van 1974.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1993. *Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1996. *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1997. *Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1998. Wet op Diensbillikheid 55 van 1998. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 2000. *Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 2000. *Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 2002. *Wet op Geestesgesondheidsorg 17 van 2002.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 2003. *Wet op Nasionale Gesondheid 61 van 2003.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 2007. *Wet op Tradisionele Gesondheidspraktisyns 22 van 2007.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 2013. *Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013.* Pretoria: Staatsdrukker.

Universiteit Stellenbosch. 2018. *Toegangsbeleid.*

Universiteit Stellenbosch. 2017. *Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering.*

Universiteit Stellenbosch. 2017. *Transformasieplan.*

Universiteit Stellenbosch. *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024.*

Verenigde Nasies. 2006. *Convention on the rights of persons with disabilities and optional protocol.* Treaty Series.

Wêreldgesondheidsorganisasie. 2013. *Mental Health Action Plan 2013-2020*. WHO Library Cataloguing-in-Publication Data. https://doi.org/ISBN 978 92 4 150602 1

## BYLAE A: UNIVERSITEIT STELLENBOSCH STEUNSTRUKTURE

**1.** Die **Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) en die ondersteunende eenhede** wat daaronder ressorteer (http://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/student-default.aspx):

a. Aansoeke om geestesgesondheidsteun word deur die jaar heen ontvang namate die behoefte opduik – via die Eenheid vir Gestremdhede (EG), die Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling (EAVO) of die Eenheid vir Psigoterapeutiese en Ondersteuningsdienste (EPO). Hierdie eenhede verskaf 'n sekere getal gratis, vertroulike geestesgesondheidsdienste wat diagnostiese, intervensionele en terapeutiese behandelingsdienste insluit. Daar is ook 'n alle-ure-nooddiens vir studente wat dit benodig. Die diens is aan alle ingeskrewe US-studente op al vyf kampusse beskikbaar.

b. Alle dienste en aanbiedings word in Engels en Afrikaans verskaf, en in 'n verskeidenheid formate – onder meer hibriede, aanlyn, selfhelp-, aangesig-tot-aangesig-, individuele en groepsessies – ten einde soveel studente moontlik te bereik.

c. Die SSVO en die ondersteunende eenhede in 1(a) vermeld, kan riglyne en konsultasies verskaf aan bestuur en personeel wat oor studente se geestesgesondheid besorg is.

d. Die SSVO en die ondersteunende eenhede staan studente by om redelike akkommodering op grond van geestesgesondheidsuitdagings in die klaskamer en in toets- en eksamenverband te bekom deur begrondings vir hierdie doel aan die betrokke fakulteit te verskaf. 'n Interne SSVO-komitee evalueer alle versoeke om redelike akkommodering in toets-, eksamen- en klaskamerverband. Hierdie interne vergaderings kan oor vyf tot ses geleenthede per jaar versprei word. Alle toets- en eksamenkonsessies word op een databasis vasgelê om te verseker dat die student die nodige ondersteuning tydens toets- en eksamentyd ontvang.

e. Indien 'n student by die EG om ondersteuning met geestesgesondheidsuitdagings of 'n geestesversteuring aansoek doen, moet die Eenheid die student oor die moontlikhede vir redelike akkommodering inlig.

f. Redelike akkommodering word gedokumenteer in 'n brief vanaf die US Eksamenkantoor wat die ondersteuning uiteensit wat aan die student verskaf moet word; byvoorbeeld ekstra skryftyd vir toetse en eksamens, 'n afsonderlike lokaal

waar die student die toets of eksamen kan aflê, en ander redelike versoeke.

g. Die EG en ander ondersteunende eenhede kan in oorleg met die student aanbevelings oor redelike akkommodering en klaskamersteun wat bykomend tot toets- en eksamenreëlings is, aan die betrokke personeel in US-departemente maak.

h. Die SSVO en die ondersteunende eenhede moet saam met Kampusgesondheidsdiens (KGD) en die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling (FVZSI) werk om geestesgesondheidsbewustheid te bevorder en werksaamhede te fasiliteer wat daarop ingestel is om op alle US-kampusse geestesgesondheid te bevorder en geestesgesondheidsuitdagings te voorkom.

i. Die EG moet aan personeel, studente en die US-gemeenskap in die geheel steun verskaf en bewustheid van gestremdhede onder hulle bevorder.

**2.** Die **Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG)** bevorder kollektiewe optrede om sosiale geregtigheid te bewerkstellig by wyse van bewusmaking en opleiding. Die EvG het spesiale portefeuljes wat onderskeidelik op onbillike diskriminasie, MIV en seksualiteit, en gender en niegewelddadigheid konsentreer.

**3. Fakulteite en departemente**

a. Fakulteite en departemente moet redelike akkommodering in onderrig en leer verskaf aan studente wat geestesgesondheidsuitdagings ervaar, in oorleg met SSVO-eenhede soos die EG, EAVO en EPO.

b. Akademiese konsessies (soos langer skryftyd) op grond van geestesgesondheidsuitdagings moet op dieselfde manier oorweeg word as konsessies op grond van mediese redes, en moet ooreenkomstig die beginsels van vertroulikheid en bekendmaking hanteer word.

**4. Geestesgesondheidspraktisyns wat aan fakulteite verbonde is** (wat kontekstueel funksioneer, aangesien fakulteite hulle eie geestesgesondheidspraktisyn vir 'n sekere tyd per week aanstel):

a. Sodanige geestesgesondheidspraktisyns moet inisiatiewe ter bevordering van geestesgesondheid en voorkoming van geestesgesondheidsuitdagings in die fakulteit dryf.

b. Hulle moet sielkundige assessering en beperkte berading aan studente verskaf ooreenkomstig hulle vermoë en hulpbronne.

c. Hulle moet verwysings na tersaaklike steundienste op kampus sowel as elders fasiliteer soos nodig, en mag met personeel beraadslaag oor hoe om studente gepas te ondersteun.

d. Alle geestesgesondheidspraktisyns wat aan fakulteite verbonde is, moet ’n sesmaandelikse terugvoerverslag aan die SSVO verskaf met tendense aan die betrokke fakulteit en met statistiek oor die studente wat vir sessies gekom het.

**5.** Die **Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG)** ressorteer onder die Afdeling Studentesake en bestuur alle US-koshuise en PSO-wyke (van die Privaat Studenteorganisasie). Belangrike rolspelers hierin is, onder andere, die inwonende hoof, primarius/primaria (hoofstudent), HK- (huiskomitee-)lede en mentorstrukture.

a. Bogenoemde persone moet, uit hoofde van hulle posisie, studente na die betrokke steunstrukture verwys.

b. Inwonende hoofde moet die navolging van die tersaaklike protokolle koördineer en daaroor toesig hou wanneer ’n koshuisbewoner ’n geestesgesondheidskrisis beleef wat die student self óf ander studente in gevaar stel.

c. Die klusters en die betrokke sameroepers moet saam met hulle onderskeie kluster-HK’s werk om inisiatiewe vir geestelike welwees te dryf en om oplossings te soek wat geestesgesondheid in hulle gemeenskappe kan verbeter.

**6.** **Gemeenskapsbetrokke Respons vir Welwees (Eng. CREW)** is ’n studente-noodspan wat saamgestel word om die SSVO tydens geestesgesondheidskrisisse op en rondom kampus by te staan. CREW bestaan uit studentevrywilligers wat elke kluster binne die studentegemeenskappe verteenwoordig. Die SSVO lei hierdie studente op in krisisbestuur sodat hulle kan bystand verleen om die studentegemeenskap te hanteer terwyl die SSVO die voorval bestuur. Die oogmerk is om te verseker dat feite korrek oorgedra word, dat studente weet wat hulle te wagte kan wees, en dat studente leiding ontvang oor die gebruik van sosiale media wanneer krisissituasies opduik. CREW-lede stel hulleself vir ’n jaar vrywillig beskikbaar en ontvang voortgesette opleiding deur die SSVO.

**7.** Die **Studenteraad (SR)**

a. Die SR moet ’n Studentewelweesbeampte aanstel om deur middel van

samewerkende programme, geleenthede en veldtogte te help om bewustheid van geestesgesondheid op kampus te bevorder.

b. Die SR moet aan die voorpunt staan van die bevordering, handhawing en beskerming van geestesgesondheid onder studente aan die SU.

c. ’n Gedeelte van die Studentewelweesportefeulje moet vir geestesgesondheidsbedrywighede op kampus toegewys word.

d. Die krisisopleiding wat die SSVO bied, is aan die Studentewelweesbeampte beskikbaar, en daar word aanbeveel dat dié beampte gereeld met die SSVO skakel.

**8.** **Risikobestuur en Kampussekuriteit (Kampussekuriteit)** moet sekuriteit en bystand verskaf om ’n veilige omgewing vir alle personeel, studente en besoekers daar te stel.

a. Die krisisopleiding wat die SSVO aanbied, is ook vir Kampussekuriteitpersoneel beskikbaar.

b. Kampussekuriteit moet personeel beskikbaar stel om in noodgevalle bystand te verleen waar studente in onmiddellike gevaar verkeer, en moet die nodige rolspelers in kennis stel dat hulle hulp benodig word.

**9.** **Kampusgesondheidsdiens (KGD)** is die gesondheidspraktyk wat aan die Universiteit verbonde is, en het ten doel om gratis of bekostigbare dienste te verskaf aan studente wie se fisieke of geestesgesondheid aandag verg.

Wat behandeling betref, kan die KGD ’n toepaslike mediese sertifikaat uitreik, medikasie voorskryf of studente vir beradingsessies by die SSVO verwys.

**10.** Die **Sentrum vir Geestesgesondheidsinligting in Suider-Afrika** is ’n toeganklike databasis met geestesgesondheidsinligting wat met die US geaffilieer is.

a. Die databasis kan gebruik word om inligting oor verskeie onderwerpe rakende geestesgesondheid te bekom.

b. Die databasis kan gebruik word om toegang te kry tot die kontakbesonderhede van professionele geestesgesondheidspraktisyns en -organisasies in gevalle waar verwysing na eksterne geestesgesondheidsdienste nodig is (www.mentalhealthsa.org.za, 021 938 9229, mhic@sun.ac.za).

## BYLAE B: REDELIKE AKKOMMODERING

Die onderstaande bepalings is ingestel om te verseker dat redelike akkommodering verskaf word aan ingeskrewe studente wat geestesgesondheidsuitdagings mag beleef.

### 1. Aansoek om toelating tot die US

Voornemende studente word aangemoedig om op hulle aansoekvorm aan te toon of hulle ’n geestesgesondheidsuitdaging beleef. Die aansoekvorm bevat ’n afdeling met vrae oor die aansoeker se gestremdheidstatus.

a. Aansoekers word aangemoedig om sodanige gestremdhede aan te dui ten einde ondersteuning vanaf hulle fakulteit, die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) en die SSVO-eenhede te ontvang.

b. Studente wat vermoed dat hulle geestesgesondheidsuitdagings ervaar, maar onseker daaroor voel, word aangemoedig om dit nietemin op hulle aansoekvorm aan te dui.

c. Alle inligting wat verskaf word, word vertroulik hanteer en benadeel geensins voornemende studente se kanse om aanvaar te word vir die program waarvoor hulle aansoek doen nie.

d. Persone wat om redelike akkommodering weens geestesgesondheidsuitdagings aansoek doen, moet stawende dokumente verskaf wat deur ’n geregistreerde geestesgesondheidspraktisyn uitgereik is.

e. Aansoekers soos in 1(d) bedoel, word aangemoedig om die Eenheid vir Gestremdhede (EG) vir ’n persoonlike konsultasie te kontak (disability@sun.ac.za) sodat ons hulle behoeftes beter kan begryp en hulle dienooreenkomstig van raad kan bedien.

### 2. Ingeskrewe studente

a. Ingeskrewe studente met geestesgesondheidsuitdagings mag om toets- en eksamenkonsessies (bv. ekstra skryftyd of ’n afsonderlike skryflokaal) aansoek doen. Studente word aangemoedig om die SSVO en die SSVO se ondersteunende eenhede te kontak, ook indien hulle geestesgesondheidsuitdagings of trauma ervaar en net vir ’n rukkie akademiese steun benodig.

b. Ingeskrewe studente wat vir redelike akkommodering in aanmerking kom, sal ’n ondertekende brief te dien effekte vanaf die Universiteit of die Eksamenkantoor

ontvang wat toets- en eksamenkonsessies bevestig. Indien akkommodering in die klaskamer benodig word, kan die EG of enige ander eenheid waar die betrokke ingeskrewe studente hulle aanmeld, 'n brief verskaf wat verduidelik wat die student se situasie is en watter ondersteuning benodig word.

c. Die presiese aard van die student se uitdagings hoef nie in dié brief of aan enige US-personeellid bekendgemaak te word ter wille van redelike akkommodering nie. Die student se departement en dosente sal regstreeks met die student of die ondersteunende eenhede werk om die onderskeie akademiese konsessies (bv. rakende werkstukke en tutoriaalsessies) te verskaf, onderhewig aan spertye vir kursusadministrasie (bv. sperdatums vanaf fakulteits- of Universiteitsweë vir die afhandeling van kursuswerk).

d. Studente se behoefte aan redelike akkommodering kan jaarliks, vir elke akademiese jaar, hersien word; veranderings kan volgens die student se gestremdheid en behoeftes gemaak word.

e. Indien 'n noodkonsessie benodig word, kan die student die EG of die Eksamenkantoor nader met 'n stawende brief vanaf 'n sielkundige of psigiater (veral in geval van 'n akute voorval van psigiatriese simptome of ongesteldheid).

## BYLAE C: VERWYSINGSPROSEDURES

Die onderstaande verwysingsprosedures moet gevolg word wanneer ’n ingeskrewe student bystand met ’n geestesgesondheidsnoodgeval of geestesgesondheidsuitdaging benodig.

### 1. Indien ’n ingeskrewe student nie ’n gevaar vir hulleself of ander inhou nie

Raai die student aan om die onderstaande US-steunstrukture uit eie beweging te kontak:

a. emosionele ondersteuning en noodgevalle – 021 808 4994 en supportus@sun.ac.za;

b. akademiese ondersteuning en ontwikkeling – 021 808 4707 en studysuccess@sun.ac.za.

### 2. In noodgevalle met ingeskrewe studente (wat ’n lewensbedreigende gevaar vir die student self of ander inhou)

a. Na ure (16:00 tot 08:00): Bel ER24 by 010 205 3032 vir bystand. Hulle sal die situasie hanteer en aan die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) terugvoer gee.

b. In die dag (08:00 tot 16:00): Bel die SSVO by 021 808 4994 vir bystand op die Stellenbosch-kampus, en by 021 938 7020 op die Tygerberg-kampus.

c. Indien ’n student in onmiddellike gevaar verkeer, bel vir Risikobestuur en Kampussekuriteit (Kampussekuriteit) by 021 808 2333 om die krisis te hanteer.

d. Die ER24-noodnommer (alle ure) is 010 205 3032. Die SSVO se webblad verskaf verdere inligting.

e. Indien ’n Dowe persoon ’n tolk benodig, byvoorbeeld ’n Gebaretaaltolk, kontak die EG by 021 808 4707 of kontak vir Vicki by die Taalsentrum (vicki@sun.ac.za of disability@sun.ac.za of 021 808 2167).

f. Die dokument Beskerming en Versorging, wat die US Rektoraat op 9 April 2019 as interne institusionele reël aangeneem het, is by hierdie Plan geïnkorporeer en vervat die prosedures wat geld tydens krisisse waarin studente gevaar loop om hulleself of ander te beseer. (Verwys na Bylae E: Prosedures vir die Tydelike Skorsing van ’n Student wat Gevaar Loop om Hulleself of Ander te Beseer.)

## 3. Prosedure vir die kanalisering en monitering van klagtes van diskriminasie op grond van geestesgesondheidsuitdagings

a. Raadpleeg die Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering, wat alle prosedures en riglyne bevat.

b. Die US het duidelike prosedures vir die aanmelding van enige klagtes rakende diskriminasie of skending van regte wat die geestesgesondheid en welwees van studente betref.

c. Meld asseblief onbillike diskriminasie, viktimisasie, of seksuele of ander teistering binne die Universiteit by unfair@sun.ac.za aan.

## BYLAE D: AFWESIGHEIDSVERLOF EN DISSIPLINÊRE OPTREDE

Die bepalings wat volg, is ingestel om ’n ingeskrewe student te akkommodeer wat dissiplinêre optrede, afwesigheidsverlof of bystand met die hervatting van aktiwiteite aan die US benodig. Geestesgesondheidsuitdagings verskoon studente nie van die plig om aan die US se regulasies oor gedrag en dissipline te voldoen nie.

### 1. Dissiplinêre prosedures

a. Die Dissiplinêre Kode vir Studente verwys.

b. In gevalle waar ’n student se vermoë om aan dissiplinêre prosedures deel te neem, deur geestesgesondheidsuitdagings aangetas is, word die situasie met die nodige gevoeligheid benader om te verseker dat die student die gepaste ondersteuning ontvang en in staat is om aan dissiplinêre prosedures deel te neem.

### 2. Afwesigheidsverlof

a. Afwesigheidsverlof mag vir ’n vaste tydperk op grond van bewese geestesgesondheidsuitdagings of mediese redes vir ’n student goedgekeur word. Dosente en/of die Registrateur het die reg om die inligting in sulke gevalle te bevestig of na te gaan, of meer inligting te bekom. Dosente en/of die Registrateur kan aansoeke om afwesigheidsverlof afkeur indien die aansoek nie binne ’n redelike tyd ingelewer word nie of indien die aansoek nie prakties uitvoerbaar is nie.

b. Studente kan dit oorweeg om aansoek te doen dat hulle hul studies mag onderbreek.

c. Studente op die Tygerberg-kampus kan volgens die onderstaande prosedures aansoek doen om hulle studies te onderbreek:

   i. Die student moet die betrokke programkoördineerder formeel en skriftelik in kennis stel dat hulle beoog om hulle studies te onderbreek.

   ii. Dit moet vergesel word van ’n stawende brief vanaf die behandelende gesondheidsorgverskaffer (psigiater of geneesheer, na gelang van die aard van die rede vir onderbreking) wat verklaar dat onderbreking nodig is en wat die moontlike tydperk van onderbreking aandui.

   iii. Wanneer die student gereed is om terug te keer, moet ’n brief vanaf ’n gesondheidsorgverskaffer voor die student se terugkeer ingedien word waarin verklaar word dat die persoon daarvoor gereed is.

iv. Alle onderbrekings word aan die betrokke programkomitee vir goedkeuring voorgelê, waarna dit by die Komitee vir Voorgraadse Onderrig (KVO) dien vir bekragtiging. Onderbrekings vir nagraadse studente word na die betrokke fakulteit verwys. (Die riglyne oor afwesigheidsverlof word tans hersien.)

## 3. Terugkeer ná afwesigheidsverlof

Terugkerende studente moet deeglik gemoniteer word, en aanbevelings moet gemaak word om versperrings vir suksesvolle herintegrasie uit die weg te ruim.

## BYLAE E: PROSEDURES VIR TYDELIKE SKORSING VAN 'N STUDENT WAT GEVAAR LOOP OM HULLESELF OF ANDER TE BESEER

Die Rektoraat het op 9 April 2019 reëls aanvaar wat gevolg moet word tydens 'n krisis waarin studente gevaar loop om hulleself of ander te beseer (http://sunrecords.sun.ac.za). Die eienaar van hierdie reëls is die Viserektor: Leer en Onderrig (VR: L&O). Die Senior Direkteur: Studentesake dra verantwoordelikheid vir hierdie reëls en die gepaardgaande administrasie. Die kern van hierdie reëls is nou in hierdie bylae geïnkorporeer en verskaf die rigtinggewende beginsels vir die tersaaklike besluitnemingsproses.

Die proses in hierdie bylae kan gevolg word wanneer alle kanale vir voorkoming, versorging, ondersteuning, beperking en behandeling uitgeput is. Dié proses is ook toepaslik wanneer die Rektor en die Rektor se afgevaardigde(s) op grond van die beskikbare feite en met verwysing na die meriete van die saak op daardie tydstip redelikerwys van mening is dat 'n noodgeval of krisissituasie ontstaan het waarin 'n student 'n ernstige emosionele of psigiatriese ineenstorting beleef en dat die student se voortgesette bywoning van die US en/of teenwoordigheid op US-kampusse en/of insluiting in koshuise kan ooreenkom met die situasies soos hier onder uiteengesit. Gevolglik mag die Rektor en die Rektor se afgevaardigde(s) in die onderstaande gevalle 'n student tydelik skors van kampusse, uit koshuise en/of van geleenthede, en mag hulle enige bykomende besluit neem wat in die beste belang van die betrokke student, ander studente en die US-gemeenskap is:

1. daar bestaan 'n werklike en dringende gevaar vir die geestelike of fisieke welsyn van die betrokke studente, ander studente en/of personeel en/of ander persone;
2. die handhawing van orde en dissipline aan die US is in onmiddellike gevaar; of
3. daar bestaan 'n werklike en dringende gevaar van ernstige skade of besering deur of aan die student en/of die US en/of ander studente en/of persoonlike eiendom.

Hierdie proses is nie 'n dissiplinêre bevinding of strafmaatreël nie; die oogmerk is om die student te ondersteun. Die voorval sal vir akademiese doeleindes op die student se rekord aangetoon word en moet as afwesigheidsverlof beskou word (met geen regstreekse verwysing daarna dat studies weens geestesgesondheidsredes onderbreek is nie).

Hierdie besluit, die rede vir die besluit, die omvang van die skorsing (bv. van alle aktiwiteite, behuising, leer en onderrig, of die kampus in die geheel), die redes vir die tydelike skorsing en die voorwaardes vir terugkering moet skriftelik aan die student oorgedra word met die bystand van die Afdeling Studentesake. Die kommunikasie aan die student moet die datum en duur van die tydelike skorsing aantoon, die voorwaardes vir terugkering en die kantoor wat

in beheer van die student se terugkeer sal wees of dit sal fasiliteer. ’n Komitee moet die besluit evalueer binne vyf dae nadat dit geneem is. Hierdie oorsigkomitee sal die feite, konteks en gevolge van die tydelike skorsing oorweeg en moet enige nuwe inligting of verandering in die feite in ag neem. Die komitee sal die Rektor se besluit óf bevestig óf herroep óf aanpas, of verdere of ander voorwaardes vir die terugkeer en herinskakeling van die student stel. Die komitee moet ’n konsensusbesluit neem.

Die oorsigkomitee word soos volg saamgestel:

1. die VR: L&O (voorsitter);
2. die Registrateur;
3. die Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur;
4. die dekaan van die fakulteit waar die student ingeskryf is;
5. die Senior Direkteur: Studentesake (verantwoordelik vir die administrasie en sekretariaat van die oorsigkomitee en die proses wat die aanloop tot die hersiening vorm);
6. enige ander persoon wat deur een van bogenoemde persone vanuit hulle afdeling aangewys is, met dien verstande dat die VR: L&O slegs ’n ander viserektor mag aanwys; en
7. enige ander persoon wat deur die komitee uitgenooi word om ’n sekere verantwoordelikheid te dra (bv. vir transformasie), indien en wanneer nodig.

Die prosedures wat hier uiteengesit word, is in ooreenstemming met die sorgvoorskrifte in die Wet op Geestesgesondheidsorg 17 van 2002, soos gewysig.